Geliefde Lourensrivierder

Nee, jy is nie agter met die tyd nie, my krummels is een dag vroeg aangesien ek Donderdag nie op kantoor is nie 😊 Ons is sooooo dankbaar vir die reëntjie wat geskenk is en ek is seker daarvan dat dankbaarheid hierdie afgelope paar dae telkens by jou opgekom het (ook vir baie ander dinge).... So sit en wonder ek toe nou by myselwers wat is WARE dankbaarheid.... Ek deel graag hierdie met jou:

**Geskryf deur Xanthe Hancox:**

Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. 1 Tessalonisense 5:16-18

Ek wil eerlik wees – om altyd bly te wees, gedurig te bid en in alle omstandighede dankbaar te wees, is nie maklik vir my nie. Wanneer ek hierdie gedeelte lees, kan ek nie help om te wonder hoe op aarde kan daar van my verwag word om so te lewe nie? Soms wonder ek of God werklik my omstandighede verstaan, want hierdie opdrag lyk gans onmoontlik! Hierdie drie riglyne is deel van Paulus se finale instruksies aan die Tessalonisense. Hy herinner hulle aan hoe die Here se kinders behoort te lewe en dat ons omstandighede nie ons houding behoort te bepaal nie. Al drie die riglyne is deel van 'n volgehoue verhouding wat nog steeds ontwikkel. Daar word dikwels gesê dat as jy wil weet hoe ryk jy is, moet jy 'n lys maak van alles wat jy het wat geld nie kan koop nie. Boaan my lys is verlossing, liefde en genade wat ek deur Jesus ontvang. Dan volg die gesin wat God aan my gegee het, my vriende, gesondheid en 'n waardering vir die mooi van die natuur om my. Die lys is eindeloos. Ek het so baie om oor bly te wees. Wanneer Paulus sê bid gedurig, verwys hy na 'n gesprek wat nooit regtig weer hoef te begin nie, want dit is nooit beëindig nie. Gebed is nie maar net 'n paar woorde wat ons prewel wanneer ons iets van God benodig nie, dit is 'n voortdurende gesprek met Iemand wat altyd by ons is. Hoe is ons in alle omstandighede dankbaar? Paulus sê nie dat ons altyd bly moet wees oor alles wat met ons gebeur nie, maar dat dit vir ons moontlik is om deur alles wat met ons gebeur, dankbaar te wees. Ons kan die Here dank dat Hy in alle omstandighede by ons is, en aan ons krag skenk om in ons behoeftes te voorsien en genade om ons probleme aan te spreek. Ons kan bly wees wanneer dit goed gaan, maar ook wanneer die swaarkry kom.

Kom ons konsentreer vandag om voort te gaan met ons gesprek met God wat reeds begin het. En kom ons vra Hom om ons te help om meer en meer bewus te wees dat die lewende God elke oomblik by ons is. En kom ons wees daaroor bly en dankbaar.

**Gebed:** Vader, dankie dat U altyd by ons is. Help my om dit vandag meer te waardeer en meer van U teenwoordigheid bewus te wees. Help my om vandag voortdurend in gesprek met U te wees, en laat my blydskap en dankbaarheid in u teenwoordigheid vind. Amen

## NUUSKRUMMELS: 17 AUGUSTUS 2017

## NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

**DINAMIET KIEDZ**

GEEN DINAMIET KIEDZ as gevolg van Verhoudingskursus in saal.
Kiedz gaan saam met pappa en mamma kerk toe♫

**D6 COMMUNICATOR: Indien jy graag nog deel wil word van hierdie manier van kommunikasie, plaas ek weer die skakels.** Let wel, dis net nog 'n manier en nie verpligtend, maar indien jy dit nie verkies nie, moet jy net met my gesels, sodat ek jou op 'n ander kommunikasiestelsel kan plaas. Die Nuuskrummels word van more af alleenlik deur die Communicator-stelsel gestuur, so laat weet gerus of jy dit op die gewone epos-stelsel wil ontvang. Ons wil graag ALMAL akkommodeer en so deeglik as moontlik kommunikeer. Die terugvoering sover is dat dit baie gerieflik en doeltreffend werk:

**Vir Rekenaar:** http://www.school-communicator.com/download/community/12117
**Vir Selfone (behalwe Iphones):** https://play.google.com/store/apps/details?id=com.d6.club
**Vir Iphones:** https://itunes.apple.com/WebObjects/MZStore.woa/wa/viewSoftware?id=627848187&mt=8

Jy kan op beide rekenaar en selfoon dit aflaai, OF op net een toestel. Indien jy op die selfoon aflaai kan jy ook direk na Google PlayStore gaan. Nadat dit afgelaai is kies jy dan net "Lourensrivier Gemeente" onder die lys van name. Jy is baie welkom om my te skakel met enige navrae (021 853 5991) of epos: admin@lourensrivier.co.za

## Ons Tuinparadys Voedselfees is om die draai♫♫

Wat word nog benodig?

1. Kontant
2. Donasies vir ons Kindervermaak
3. Meel, olie, eiers, & boksies vla
4. Wildsvleis of Wildsvleisbene, wat afgekook kan word vir wildspasteie. Kontak Liesbet de Jongh by 0736300268.
5. Ons net nog 'n geweldige tekort aan Groot Koeke

**Bankbesonderhede:**
ABSA Strand, NGK Lourensrivier
Rekeningnommer: 420580231
Verwysing: Jou naam & Vfees
Enige navrae: charlene@lourensrivier.co.za of 021 8535991

Is jy al op 2017 se Tuin Paradys Voedselfeeswa…!? Nog nie?
Komaan, klim dan op – raak betrokke – tyd is min…!

Vriendelike Tuin Paradys Groete tot volgende keer
***Gerda: 021-8547191/0824661766 & Apolonia: 021-8537560/0825077091***

***"MAG" NIE UITMIS NIE 😊***
**KAARTJIES IS VINNIG BESIG OM UIT TE VERKOOP!**

As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjies is: Dit is waar jy die 9/9 MOET wees .
Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!

Kaartjies by Lourensrivier Gemeente Kerkkantoor beskikbaar (021 853 5991)🙆🎉
-praise & worship 🎼
-spreker 😊
-danse 💃
-pryse 🎀
-eet- en drinkgoed 🍕🍷
-photobooth 📷

Moet asseblief nie van hierdie wonderlike oggend vergeet nie!

***NAVRAE: Anneli Theron @ 0715861808***

***Een van ons gemeentelede, Prof Gous, het 'n studie gemaak oor gebed en ons deel graag gedeeltes hiervan met jou:***

***GEBED VANUIT 'N SIELKUNDIGE OOGPUNT: Die rol van die Brein***

By almal, glo ek, is gebed 'n sleutel tot hulle geloof. 'n Mens aanvaar dat gebed jou geloofsvertroue en – oortuiging en vertroue in God versterk. Dikwels sal mense sê " my gebed is verhoor" of geloofsgenesing het plaasgevind, maar in die mediese wetenskap word hierdie sienings al te dikwels betwyfel en afgemaak. As geesdriftige student van die brein, glo ek dat jou denke en alles wat dit omvat by genesing 'n groter rol as medisyne speel sonder om laasgenoemde in geheel te verwerp.
Dr Andrew Newberg, direkteur van navorsing by die Myrna Brind Centre for Integrative Medicine in Philadelphia, VSA en mede-outeur van o.a. 'n boek soos, *How God Changes Your Brain,* asook talle artikels oor gebed en 'n gesonde brein, is een van die baanbrekers in die veld bekend as die neuroteologie. Dit behels die studie oor die verwantskap tussen die brein en religieuse ervarings en verskynsels. Sy ondersoeke oor die invloed van godsdienstige praktyk en meditering op die menslike brein was daarop gerig om te begryp wat in die brein gebeur as jy godsdiens beoefen en hoe dit 'n mens se gesondheid, jou lewenskwaliteit en verhoudinge beïnvloed. In sy bevindings kom hy tot die gevolgtrekking dat geloof as 'n versterkende faktor vir 'n gesonde brein beskou kan word.
**Daar is 'n vervolggedeelte in volgende week se Nuuskrummels*.***

## KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

## NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

**WITSEERKEEL: BELANGRIKE NUUS**

Neem asb kennis van die volgende epos en byvoegsel (onderaan Nuuskrummels) soos ontvang van die Stad Kaapstad insake 'n uitbreek van Witseerkeel in die Asanda/Nomzamo area:
*"There has been an outbreak of diphtheria in the Asanda/ Nomzamo area with 3 confirmed cases including one fatality and one probable case on 11 August 2017. Diphtheria is an infectious disease with a high mortality rate (about 20 to 25%). A team of City of Cape Town and Metro District Health Services staff has been hard a work since the 4th Aug 2017 to identify and follow up contacts. More than 600 people have already been immunized as a result. This follow up of close contacts will continue for as long as new cases occur. In the meantime, due to the low vaccine coverage in the area and the seriousness of the disease, it was been decided to do a local campaign amongst children <15 years. The campaign will initially cover the Asanda Village area and will then expand to Nomzamo in a second phase. The estimate of the total population under 15 years to be immunized in Asanda Village / Nomzamo is about 15 000 to 20 000. The community campaign is planned to start tomorrow, the 15 Aug 2017. Vaccination Teams from Metro District Health Services and City of Cape Town will visit households and schools in these communities and vaccinate under 15 year olds using the tetanus & diphtheria (Td) booster vaccine. Children under 2 years who are not up to date with their vaccinations will be referred Nomzamo and Ikhwezi CDCs to receive their missing vaccine dose/s*
*Any child or adult with suspicious symptoms and signs will be referred to the health services for assessment. All people older than 15 years of age who request a booster vaccination will also be given. We appreciate the support you can provide to communicate with the people in the affected areas."*

**BIDDAG VIR REëN**

Boodskap van Jan Swanepoel: Ons beplan om Sondag 27 Augustus om 15:00 'n biddag te hou vir reën. Ons kom bymekaar by Onverwacht (die Bos) op die hoek van Altena en Boschendallstraat by die oop stuk veld. As julle enige musikale instrumente (wat sonder elektrisiteit werk) wil saambring om te "praise & worship", is julle welkom. Julle kan my skakel op 0825588990 of 021 853 2434 of epos: jhs.handyman@yahoo.com.

**GOEIE NUUS VIR SAGT**

Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) is 'n tree nader daaraan om tot die 12de amptelike landstaal verklaar te word. Dít volg op die parlementêre grondwetlike hersieningskomitee se onlangse aanbeveling dat amptelike status aan SAGT gegee moet word. Dié nuus word verwelkom deur Dowes en persone met gehoorverlies landwyd aangesien daar al etlike jare gepoog word om SAGT erken te kry as amptelike landstaal. Dit is 'n historiese gebeurtenis in Suid-Afrika en met suksesvolle implementering sal Dowe persone en persone met gehoorverlies op gelyke vlak met horende persone die samelewing kan betreë. NID ondersteun die aanbeveling ten volle. Die besluit ondersteun en beaam ook NID se aktiwiteite ten opsigte van die bevordering van SAGT, die SAGT Digitale Woordeboek en NID Sign Superstars.

**KNIEWERK:**

- Bid vir waterkrisis, SA, die leiers en volkome toewyding aan ons Here.
  Dankie Heer vir reën wat reeds geval het! Ons vra dat U wil sal geskied.
- Kankerbehandeling: Paul Louw; Owen Wallis; Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- Angelique Stassen vir gesondheid (baie dankie daar is al positiewe vordering)
- Jan Volschenk vir bestraling by Tygerberg Hospitaal
- Wena Henning herstel na voetoperasie
- Makkie Marx vir gesondheid (herstel tuis na hospitalisasie)
- Stanley Oosthuizen vir gesondheid
- Marie Koch in hospitaal

**TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:**

**Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.**

- ♥ Dreyer familie sê dankie vir gebede vir klein Issabella. Sy het wonderbaarlik herstel.

**FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 20 AUG SE BOODSKAP: Mat 15:10-28**

**(ELFDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)**

Jesus se bediening raak verskillende groepe mense. Hy leer sy dissipels oor die koninkryk van God; Hy leer die skares mense en genees hulle siekes; op praktiese maniere reik Hy uit na die mense deur hulle te voed wanneer hulle honger is; Hy leer die Fariseërs en skrifgeleerdes, al dring Hy nie tot hulle deur nie as gevolg van hul hardkoppigheid en hul vashou aan tradisies en wette. Hy reik selfs uit na heidene soos die Kanaänitiese vrou uit die omgewing van Tirus en Sidon, wat met groot geloof Jesus vra vir die genesing van haar kind. **Reinheid kom uit die hart van die mens.** Vir Jesus gaan "rein" en "onrein" nie oor die stoflike dinge soos hande was en kos nie, maar oor die geestelike lewe. Dit wat 'n mens onrein maak, is juis die gedagtes van die hart wat ons verhouding met God beïnvloed. Matteus noem 6 sondes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, valse getuienis en kwaadpratery. (Markus se lys in Mark. 7: 21 – 22, bevat 12 sondes: onkuisheid, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid.) Dit is hierdie sondes wat uit die hart voortkom, wat maak dat 'n mens nie 'n verhouding met God wil hê nie. Voor God gaan dit nie om die seremoniële reinheid nie, maar om die reinheid van hart. Die belangrike wat ons leer, is dat ons ingestel moet wees om te dink soos wat Christus gedink het. Ons moet nie net elke dag 'n nuwe hart kry nie, ons gedagtes moet ook elke dag nuut word. (Rom. 12:2) Sonde het die menslike hart soos 'n weermag oorgeneem en nou bedreig dit ons verhouding met God. Dit is nie sonde (bv. die daad van diefstal) wat ons sondig maak nie, ons doen sonde omdat ons sondig is; omdat ons toegelaat het dat sondige gedagtes ons hart oorheers en dit dan uiting vind in ons woorde en ons dade. Vir God is dit belangrik waaraan ons dink, wat in ons hart aangaan. "The heart of the human problem is the problem of the human heart. – Adrian Rogers -"

- Willem Botes-

Laat dink my aan hierdie lied: Change my heart of God - Skakel: https://www.youtube.com/watch?v=iZPkWvVlliU

Jackie@Lourensrivier

**OORGEE, OMGEE, AANGEE**

# Diphtheria
# Frequently asked questions

## 1. What is diphtheria?

Diphtheria is a contagious and potentially life-threatening bacterial infection. It is caused by infection with a toxin-producing strain of *Corynebacterium diphtheriae* or more rarely *Corynebacterium ulcerans* or *Corynebacterium pseudotuberculosis*. It occurs in two forms- respiratory diphtheria and cutaneous diphtheria.

## 2. Who can get diphtheria?

Children who are not immunized or who did not receive complete the Expanded Programme of Immunization (EPI) schedule, are at increased risk of getting diphtheria. Adults may also be at risk of contracting diphtheria if the organism is present in the community because adult immunity following vaccination wanes with time. Susceptible persons living in crowded conditions are at increased risk of getting the disease.

## 3. Where does diphtheria occur in South Africa?

Diphtheria is an uncommon disease in South Africa. Since the implementation of diphtheria immunization in South Africa in the 1950s, only sporadic cases of diphtheria, mostly involving children aged <15 years, have been identified and reported. Between January 2008 and March 2015, three laboratory-confirmed cases of respiratory diphtheria were reported: two from Western Cape Province (March 2008 and January 2010), and one from Eastern Cape Province (March 2009). An outbreak of diphtheria in KwaZulu-Natal Province involving 15 confirmed cases occurred during March to June 2015. Two cases of diphtheria were identified also from KwaZulu-Natal Province in 2016.

## 4. How is diphtheria transmitted?

*C. diphtheriae* spreads from person to person through contact with respiratory droplets or hand-to-mouth contact with secretions from an infected person's mouth, nose, throat or skin. Sometimes, persons can carries the microorganism in their throat but have no symptoms. These persons can also spread the organism through respiratory droplets. Less frequently, the infection can be transmitted through close contact with skin lesions in a person with the cutaneous form of the illness. Prolonged close contact is normally required for the infection to be transmitted to others. Diphtheria caused by *C. ulcerans* or *C. pseudotuberculosis* can also spread through contaminated milk or close contact with infected animals (e.g. through working on a farm or as a veterinarian).

## 5. How does diphtheria affect animals?

Humans are the only known natural host for *C. diphtheriae*. *C. ulcerans* and *C. pseudotuberculosis* are zoonoses and cause mastitis and lymphadenitis in cattle.

## 6. What are the signs and symptoms of diphtheria?

Symptoms of respiratory diphtheria usually start 2 to 5 days after exposure, although the incubation period can be longer (range 1 to 10 days). Initial signs and symptoms include fever, malaise, chills, loss of appetite, sore throat, nausea and vomiting. Within days, a whitish/greyish pseudomembrane may form over the throat and tonsils that can make it hard to swallow and breathe. Typically the membrane is adherent to the pharynx and cannot be dislodged. The 'membrane' is actually necrotic tissue. The infection can also cause the lymph glands and tissue on both sides of the neck to swell (bull neck). Complications of diphtheria include respiratory obstruction, and myocarditis with cardiac arrest or cardiac failure. The cutaneous form of diphtheria often presents as a non-healing ulcer with a dirty grey membrane.

## 7. How is diphtheria diagnosed?

Respiratory diphtheria is first suspected clinically in a patient with pharyngitis by the presence of an adherent pharyngeal pseudomembrane and fever, with or without a bull neck. The diagnosis is confirmed by culture of the organism from a pharyngeal or wound swab. Clinicians should label the swab 'suspected diphtheria'. The laboratory will plate the organism onto selective media. Once the organism has been identified as *C. diphtheriae*, it will be subjected to PCR testing for the *tox* gene, which is responsible for toxin production, and to ELEK testing, to determine if toxin production is 'switched on'.

## 8. How is diphtheria treated?

Patients should be given diphtheria antitoxin (DAT) to neutralize the diphtheria toxin. The decision to give diphtheria antitoxin is based on clinical diagnosis, and should not wait for laboratory confirmation. Antibiotics have not been demonstrated to affect healing of local infection. However, they are used to eliminate *C. diphtheriae* from the nasopharynx and prevent its spread to others.

## 9. How can diphtheria be prevented?

Diphtheria is prevented by immunisation with diphtheria containing vaccine. In South Africa, the Expanded Program on Immunisation (SA-EPI) schedule includes 6 doses of diphtheria vaccine. The primary series of vaccination is given in 3 doses at 6, 10 and 14 weeks of age using diphtheria toxoid given in combination with other antigens. Boosters are given at 18 months and 6 and 12 years of age respectively. Following exposure to a case of diphtheria, contacts (persons sharing meals or living in the same house, or caring for infected children, or health care workers who have conducted CPR, or procedures involving contact with respiratory secretions) should receive chemoprophylaxis, booster vaccination and should have a throat swab to determine carriage status.

## 10. Where can I find out more information?

Guidelines and other useful resources are available on the NICD website: www.nicd.ac.za. For more information contact:

- Medical/clinical related queries: contact NICD Hotline number +27 (0) 82 883 9920 (for use by healthcare professionals only)
- Laboratory related queries
  - Centre for Respiratory Diseases and Meningitis: (Linda de Gouveia 011-555-0327 lindad@nicd.ac.za , Mignon du Plessis 011-555-0387 mignond@nicd.ac.za or Nicole Wolter 011-555-0352 nicolew@nicd.ac.za
- Results enquiries: Centre for Respiratory Diseases and Meningitis laboratory (011-555-0315/7/8)